



Beste lede, werkgewers, kollegas en ander belanghebbendes,

In my vorige drie voorsittersredes by hierdie AJV was die fokus op wat nog rondom hierdie fonds gedoen moes word om te sorg dat dit 'n topgehalte aftreevoertuig is en sal bly. Hierdie keer kan ek begin deur 'n bekende gesegde te beaam: *I love it when a plan comes together.*

In 2011 het jul eie A-span – wat uit die Raad van Trustees, die Hoofbeampte en die verskillende diensverskaffers bestaan – 'n aantal belangrike doelwitte gestel om die aftreevoordele van ons pensioenarisse en ons lede wat nog moet aftree, te beveilig.

Daar was vier hoofdoelwitte. Die belangrikste en moeilikste was om die ernstige bedreigings vir die vastevoordeel-afdeling die hoof te bied. Daarmee saam moes die pensioenarisse se belange op die lang duur beskerm word. Derdens moes ons vastebydrae-lede toerus met hulpmiddels om hul aftreevoordele volgens hul eie behoeftes te bestuur, en laastens moes ons 'n volledige herevaluering van ons beleggingsbeleid doen om seker te maak dat ons reg geposisioneer is vir die nuwe beleggingsomgewing ná die finansiële krisis van 2008. Nadat al hierdie doelwitte bereik is, kan ons oor hierdie driejaar-tydperk terugkyk as heel moontlik die beduidendste in die Fonds se baie lang geskiedenis.

Simeka sal binnekort 'n oorsig van die herstrukturering van die vastevoordeel-afdeling gee, maar ek bespreek graag die waarde van die oplossing om lede van die vastevoordeel-afdeling na die vastebydrae-afdeling oor te plaas. Ek glo ons sal in die jare vorentoe kan terugkyk en bevestig dat hierdie oplossing die regte opsie op die regte tyd was. Hoewel daar nie onmiddellike krisis was nie, is dit 'n blote feit dat lede se voordele op die lang duur hoogs waarskynlik geërodeer sou word. Die vastevoordeel-afdeling het vinnig verouder omdat werkgewers nie nuwe toetredes tot hierdie deel van die Fonds toegelaat het nie. In 2002 was die gemiddelde ouderdom ongeveer 45 jaar, teenoor die pensioenbedryf se norm van 42 jaar. Die gemiddelde ouderdom is tans reeds 50 jaar. Om te midde van 'n voortgesette veroudering van die vastevoordeel-afdeling steeds die oorspronklike pensioenbelofte by aftrede gestand te doen, moet die maandelikse bydraes verhoog word. Ons aktuariële beramings toon dat totale bydraes van die oorspronklike 27% van pensioengewende salarisse tot selfs 36% sal moet styg. Volgens die Fondsreëls kan die verhoging deur werkgewers of lede, of albei, betaal word. Indien sulke ekstra bydraes nie verkry word nie, sou die enigste alternatief wees om lede se pensioenvoordele te verminder.

Ons het in 2012 aansienlike weerstand van werkgewers ervaar toe ons 'n bydraeverhoging ingestel het, en ons weet ons sal in die toekoms in 'n eindelose regstryd gewikkel wees as ons probeer om slegs hul bydraes te verhoog. Ons spesialis advies was dat selfs al sou ons die eerste rondtes wen, lede se voordele heel waarskynlik in die gedrang sou kom.

In plaas van te wag en sien wat in die toekoms gebeur, het die Raad van Trustees besluit om die spreekwoordelike bul by die horings te pak en die probleem op te los terwyl die Fonds nog gesond is en die werkgewers oortuig kan word om finansiëel by te dra om die langtermynprobleem op te los.



Ons moes moeilike besluite neem en ons het die afgelope drie jaar die meeste van ons tyd aan die ontwikkeling van die beste aksieplan bestee. Onderhandelinge met die talle werkgewers om hulle te oortuig om 'n wesentliche finansiële bydrae tot ons voorgestelde oplossing te lewer, was 'n taamlik uitgerekte en moeilike proses. Ons het egter uiteindelik eenstemmigheid bereik dat die oplossing om lede na die vastebydrae-afdeling van die Fonds oor te plaas, in die Fonds, sy lede en deelnemende werkgewers se beste belang is. 'n Finale ooreenkoms met die oorgrote meerderheid van werkgewers is in Desember verlede jaar bereik, en sedertdien het meer werkgewers ingestem om deel te neem. Tot dusver sal meer as 80% van lede binne die volgende twee maande oorgeplaas word, vanaf 1 Mei 2014. Dit is op die veronderstelling dat, soos ons verwag, die Raad op Finansiële Dienste die relevante reël wysiging binne die volgende paar dae goedkeur. Simeka sal later hieroor uitbrei. Ons sal steeds skakel met werkgewers wat nog nie gereageer het nie. Ek bring egter graag spesiaal hulde aan die werkgewers wat wel deelneem, vir hul bereidheid om in belang van hul werknemers die ekstra myl te loop.

Ons vastevoordeel-lede wat hul voordeelstate ontvang het en die inligtingsessies bygewoon het, sal getuig van die beduidende waarde wat tot hul huidige voordeel in die Fonds toegevoeg sal word. Benewens hul huidige voordeel, is daar 'n aansienlike finansiële bydrae deur werkgewers, plus die netto bydraes sedert Junie 2013, en ten slotte die beleggingsopbrengs op hul voordeel sedert Julie 2013. Gedurende die inligtingsessies vir lede is daarop gewys dat die beleggingsopbrengste alleen sowat 10% by elke lid se voordeel in die Fonds sou voeg. Soos binnekort gesien sal word, het hierdie syfer selfs nog verder verbeter. Ek is seker dit het daartoe bygedra dat die Fonds tot dusver nie 'n enkele beswaar van lede oor die proses ontvang het nie, wat ek beskou as 'n bewys dat die Raad van Trusteas en die Fonds se herstruktureringspan hulle besonder goed van hul taak gekwyt het

Aangesien die vastebydrae-afdeling se lede nou hul eie beleggingspoel het, kon ons die Lewensfase-beleggingsprogram instel waar lede se spaarfondse outomaties of volgens persoonlike keuse belê word in beleggings met 'n risiko/opbrengs-profiel wat die lewensfase-vereistes van elke lid die beste pas. Vir vastevoordeel-lede wat na die vastebydrae-afdeling oorgaan en nou vir die eerste keer direk deur die Fonds se opbrengste geraak word, is die Lewensfase-beleggingsprogram 'n baie nuttige hulpmiddel om lede se eie beleggingsportefeuljes te verstaan en te beïnvloed.

'n Vereiste van die vastevoordeel-afdeling se herstrukturering was dat die pensioenaris-afdeling 100% befonds moet bly, wat voorsiening vir jaarlikse verhogings van minstens 60% van inflasie ingesluit het. Dit is verwesenlik, en soos die beleggingsadviseurs GraySwan en ons aktuaris Sean Neethling sal getuig, het ons selfs beter gedoen vir ons pensioenarisse.

Alles in ag genome, het die Fonds se herstruktuering al die afdelings van die Fonds gebaat. Met voortdurende voorstelle dat pensioenfondse moet saamsmelt om optimale perke te bereik, en daar moontlik selfs wetgewing in hierdie verband kan kom, is die Fonds nou ook baie beter geïmposisioneer om sulke geleenthede te benut, indien dit ontstaan of nodig word.



Na die suksesvolle herstrukturering van die Fonds moet die Raad van Trustees nou toepaslike nuwe bestuurstrukture oorweeg. Ons kyk na 'n algehele hersiening van die Fondsreëls om seker te maak dat dit tred hou met die bedryf en wetsveranderinge, maar belangriker nog, dat dit die belange van lede behoorlik beskerm. Ons kyk ook na 'n hersiening van die samestelling van die Raad en kworumvereistes om die nuwe struktuur van die Fonds te weerspieël. Ons sal u soos altyd deur ons nuusbriewe op hoogte hou van verwickelinge.

Die Fonds het oorspronklik sy bates in een groot beleggingspoel geplaas. Ons het die afgelope drie jaar 'n proses begin om die bates te verdeel, sodat die pensioenaris-afdeling, die vastevoordeel-afdeling en die vastebydrae-afdeling elk sy eie beleggings het, elk met 'n unieke beleggingstrategie wat die beste by lede se vereistes pas. Ons beleggingsadviseurs, GraySwan, sal binnekort 'n voorlegging doen oor die suksesse wat met hierdie strategie behaal is, ondanks die onbestendige beleggingsmark. Na die 2008 finansiële krisis het beleggingskenners gesê ons eie aandelemark sal eers oor dertig jaar sy ou rekordhoogtes bereik, synde 'n alle aandele-indeks van sowat 36 000. Soos ons almal weet, het die aandelebeurs binne 18 maande weer hierdie vlakke bereik, terwyl 'n hoogste vlak van bykans 50 000 net 'n paar dae gelede bereik is. Hoewel dit miskien baie voorspoedig klink, hou so 'n onbestendige mark ernstige uitdagings en bedreigings vir 'n pensioenfonds in. Ons probeer om 'n hoë opbrengs te behaal sonder te veel risiko, en terselfdertyd kapitaal te beskerm. Dit is nie maklik in 'n mark wat aan die beweeg bly nie. Daarom speel die Raad van Trustees 'n baie aktiewe rol in die bestuur van die Fonds se beleggings en ons vergader elke maand met ons beleggingsadviseurs om te kyk na prestasie en watter stappe gedoen moet word. Ons maak ook van verdere kundigheid gebruik, soos dié van ons aktuaris, beleggingspesialiste en ekonome. Dit stel ons in staat om nuwe beleggingstrategieë te formuleer wanneer nodig, met 'n sinvolle balans tussen 'n versigtige en konserwatiewe benadering aan die een kant, en die beginsel van hoër opbrengste gepaardgaande met hoër risiko aan die ander kant.

Hierdie gebalanseerde benadering het tot dusver geblyk baie suksesvol te wees en ons het ons teikens by verre oortref, nie teenstaande die onbestendige beleggingsmark. Vir die pensioenaris- en vastevoordeel-afdelings is ons teiken om inflasie met 4% per jaar te oortref. Ons het 'n opbrengs van inflasie plus 15% oor die afgelope 12 maande tot April 2014 en inflasie plus 12% oor die afgelope twee jaar behaal. Vir die vastebydrae-afdeling, wat voortaan die enigste afdeling vir aktiewe lede sal wees, is die teiken 6% bo inflasie per jaar. Die Fonds het oor die afgelope jaar inflasie plus 11% en oor die afgelope twee jaar inflasie plus 10% behaal. Die syfers toon dat die Fonds die teikens by verre oortref het. U kan gerus hierdie resultate met dié van ander plaaslike owerheidsfondse vergelyk.

Vir die pensioenaris-afdeling het ons ook die sogenaamde lastegedrewe beleggings ingestel, waar wins oor 'n tydperk gekapitaliseer word om te verseker dat pensioene, asook pensioenverhogings, bekostigbaar bly volgens elke lid se risikoprofiel. Voortaan word die beleggingsteikens vir aktiewe lede op verskillende vlakke vasgestel, na gelang van die betrokke Lewensfase-program. Dit word gedoen om 'n minder of meer aggressiewe beleggingsbenadering in ooreenstemming met elke lid se risikoprofiel te weerspieël. U word aangemoedig om hierdie geleentheid te gebruik om u eie toekoms te bepaal.



Ten slotte het die Fonds oor die afgelope drie jaar heelwat vordering gemaak met 'n posisionering om goeie aftreevoordele vir al sy lede te behaal en te beskerm. Hiervoor moet ek lof toeswaaai aan 'n uitstekende span. Die Raad van Trustees en die Hoofbeampte en sy span diensverskaffers het hulle onwrikbaar daarop toegespits om die moeilike doelwitte te bereik, en daarvoor is ek baie dankbaar teenoor hulle almal. Daar is en sal altyd ruimte wees om meer te doen om die Fonds vir sy lede te verbeter. Wees verseker dat ons sal voortgaan om altyd jul beste belange op die hart te dra.

Voordat ek afsluit, wil ek hulde bring aan Robbie Robbertse, voorsitter van die Pensioenarissvereniging, wat 'n paar weke gelede oorlede is. Ons sal Oom Robbie onthou vir sy onbaatsugtige toewyding aan die belange van die Fonds en veral ons pensioenarislede. Ons sal sy teenwoordigheid mis. Mag hy in vrede rus.

Ons kom nou by die voorleggings deur diensverskaffers. Soos altyd is daar 'n geleentheid op die agenda vir algemene vrae, en julle is welkom om dan enige vrae te vra, ook oor my verslag.

Baie dankie.

Herman Botha  
VOORSITTER

23 Mei 2014